

Titel: Vuurkrag
Spreker: Alistair Kingwill
Datum: 8 Augustus 2010
Tyd: 9:00



A: Wie's jou pappa?

Mattheus 6:9

⁹Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;

Nehemia 1:5

⁵En gesê: Ag, HERE, God van die hemel, grote en gedugte God, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en u gebooie onderhou—

B: Sy begeerte

Mattheus 6:10

¹⁰Laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

1 Timotheus 2:1-4

¹In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; ²vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. ³Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, ⁴wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.

C: Passiewolle deursettingsvermoë

Mattheus 6:11

¹¹Gee ons vandag ons daaglikse brood;

Lukas 11:3

³Gee ons elke dag ons daaglikse brood;

Psalms 55:18

¹⁸Saans en smôrens en smiddags klaag ek en steun, en Hy hoor my stem.

Lukas 18:1,7-8

¹En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie,

⁷Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval? ⁸Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?

Efesiërs 6:18

¹⁸Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges

D: Konstante nederigheid

Mattheus 6:12

¹²En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

2 Kronieke 7:14

¹⁴As my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.

Mattheus 5: 44

⁴⁴Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg;

E: Handhaaf die fokus

Mattheus 6:13a

^{13a}En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Mattheus 26: 41

⁴¹Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

Romeine 8:26,27

²⁶En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge. ²⁷En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree.

F: Die Vader se heerlikheid

Mattheus 6:13b

^{13b}Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Openbaring 8:3-5

³En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; ⁴en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God. ⁵En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing.